HOOFSTUK 1

INLEIDING, AGTERGROND EN NAVORSINGSONTWERP

1.1 Inleiding en hoofstukindeling

> "*Een van de vormen waarin de geloofspraktijk tot uiting komt is de openbare eredienst. Wij benaderen de kerkdienst, als consequentie … vanuit het gezichtspunt van de betrekking tussen God en mens. Dat brengt de … vraagstelling met zich mee: speelt de kerkdienst een wezenlijke rol in de actualisering en onderhouding van deze betrekking ? Daarmee stoten we op één van de grondvragen van de liturgiek. Voltrekt de gemeenschap tussen God en mens zich dan door middel van ..riten...?* "
> (Immink 1994:17, 18)

Die besef binne die praktiese teologie dat die (Gereformeerde) liturgie ("*worship* ") **omvattende** kommunikatiewe handelinge is wat blootgestel is aan multidissiplinêre inspelers, doktrines en voor- of afkeure - is geen nuwe onderwerp nie (Pieterse in Vos en Pieterse 1997:17; Immink 1994:18; Marcel Barnard 1998:98; Schuman 1998:25; Oskamp 1998:419). Hierdie feit plaas die liturgie enersyds in die spervuur, maar andersyds ook in die kalklig. Heelwat outeurs is dit eens dat die liturgie die hartklop en voedingsaar van die praktiese teologie is vanwaar en waarheen die totale lewe van die gemeente netwerk (Pieterse in Vos en Pieterse 1997:16; A.Barnard 1994:147; Müller 1990:118; Wegman 1991 in Schuman 1998:38). Gegewe die bykomende feit dat dit in die liturgie primêr gaan oor die verhouding en dialogiese kommunikasie tussen God en mens-in-konteks (Vos & Pieterse 1997:7,15,21; Immink 1994:17) - en - die postmoderne, opkomende soeke na spiritualiteit (veral na waarheid en eenvoud) en spirituele behore op 'n meer

antropologiese, emotiewe en transendente basis (Sweet 2000:154 -155; Adam 1995:14; Du Toit 2000:89) - is die liturgie in hierdie studiestuk benader vanuit die simboliek en semiotiek ("*die wetenskap wat die wese, betekenis en funksie van tekens en simbole bestudeer*" - Barnard 1994:192-193 en Browning & Reed 1985:72). Heimbrock (1993 in Immink 1994:18), Immink (1994:18) en ander outeurs soos Lukken (1999:168), Meyering (1994:6), Boonstra (1994:2) en Rappaport (1999:461) meld gepas 'n groeiende belangstelling in rituele. Dit alles het die studiestuk gekanaliseer in die rigting van 'n ondersoek na die vraag of liturgiese simbole en rituele *ad rem* aangebied kan word binne die huidige tydgleuf en konteks. Die vermoede het gegroei dat liturgiese simbole en rituele sommige teologiese grondliggende en ononderhandelbare veranderlikes kan vasanker en verskans. En andersyds dat dit in die soeke na meer ervaringsmatige en *koinoniale* byeenkomste 'n Bybelse en teologies meer verantwoorde alternatief bied as riskante en teologies ongegronde aanbiddingspraktyke soos die Torronto-ervaringe en aanskoulikheidsmanies.

Immink (1994:17-27) verwoord 'n tipiese spanningsveld in die liturgie baie treffend as hy twee invalshoeke tot protestantse liturgieë teenoor mekaar uitlig. Maar ook toegee dat "*beide een legitieme plaats hebben in de protestantse traditie* " (1994:18). Die een model – in navolging van Van der Leeuw (1946) se siening van die erediens as "*een ambtelijk vastgestelde vorm van het verkeer tussen God en Kerk* " - noem hy die (i) **Woord en antwoord** of **verkondigingsbenadering** (verg. Barnard 1998:92; Immink 1998:83; Saliers 1990:9). Die ander – uit die stal van Wilhelm Stählin (1921) se siening van die erediens as "*een geestelike of spirituele benadering ... Het gaat immers niet om de vorm, maar om de Geest* " - noem hy die (ii) **vierings-benadering** (1994:18). Die kern-aspekte van elke benadering vergelyk so:

Verkondiging	**Viering**
- sterk steun uit die Reformasie	- nadruk op uiting van gelowiges
- klem op verkondiging van die Woord	- antropologiese gerigtheid
- Luther: God spreek deur Woord, mense reageer deur gebed en sang	- Schleiermacher: liturgie = *cultus*
	- kollektiewe deelname belangrik
- God-Drieënig is die subjek van die diens	- hulp uit sosiale wetenskappe
- God kom nie aan die woord deur rites en	- groeiende belangstelling in rituele

seremonies nie - God ontmoet mense deur sakramente - Erediens = opvoeding & onderrigting - Liturgie: gerig op die wêreld	- verreken werklikheid en konteks - uiting van geloofsbewussyn in ‘n feestelike byeenkoms - liturgiese vernuwing betrek simbole

Schuman (1998:30-31) tref in wese dieselfde spanningslyn maar onderskei tussen “*de lijn van de synagoge* “ of die woorddiens en “*de lijn van de opperzaal* “ of die avondmaaldiens. Immink (1994:24-27) se oortuiging is dat die verkondigingsmodel meer reg laat geskied aan God as die geloofsinisieerder én die uitgangspunt dat geloof en heil *extra nos* verankerd is en lidmate so bereik. Die vieringsmodel benadruk volgens hom “*niet een minder belangrijk aspect van de geloofspraktijk* “. Naamlik, die mens voor die aangesig van God. En dit is ook nie minder teologies van karakter nie. Want God werk ook *in nobis* en die Christelike godsdiens en die liturgie het ook te make met antropologiese dimensies soos menslike behoeftes en menslike vermoëns. Hy verleen tog prioriteit aan die verkondigingsmodel en waarsku dat die vieringsmodel die sentrale fokus op God kan verdring en verloor (1994:26). Ek is die oortuig daarvan dat daar nie gekies hoef te word vir of teen die vieringsmodel of die Woord-en-antwoord-model nie, maar juis vir **altwee**. Vos en Pieterse (1997:12-13) stateer variant hieraan die spanning tussen variasie en orde in die erediens en merk dan op dat “*orde en variasie komplementêre begrippe is. … Dit is juis orde en variasie wat die erediens teen strakheid en stramheid beskerm* ” (vergelyk Schuman 1998:23,38). Die verkondigingsmodel vorm die ruggraat van die Gereformeerde teologie in die liturgie. Die vieringsmodel verleen daaraan ‘n feeskarakter en antropologiese inskerping wat teks en konteks dien. Die Woord-en-antwoord benadering het die vieringskomponent nodig om werklikheidsgetrou neerslag te vind as dialogiese, kommunikatiewe handelinge (2.5.1 & 2.5.3). Schuman (1998:31) se konklusie uit soortgelyke spanning in die vroeë kerk tel punte: “*Er is mijn inziens reden om aan het ritueel van broodbreking* (viering) , *met de woorden* (verkondiging) *en gebaren die daarbij behoord zullen hebben, de volle pond te geven als meest geëigende uitdrukking van het echt eigene van de vroegste christelijke gemeentes her en der.* “

My oortuiging is dat simboliek nie net die feestelike vieringsmodel dien (soos Immink dit uitlig – 1994:24) nie, maar juis ‘n baie sterk Bybelse en Gereformeerd-teologiese onderbou en vertrekpunt vervat (2.2.15 en **Hoofstuk 4**).

Die hipotese (vermoede) of verwagtings waarmee en waarheen gewerk word, is dat simbole en rituele binne die liturgie:

- Goeie sin maak binne die **Gereformeerde teologie (Hoofstuk 2)**
- Goeie byval vind in die **postmoderne konteks (Hoofstuk 2)**

  en
- Liturgies bydra tot:
  - verdieping in **spiritualiteit (Hoofstuk 2)**
  - bevordering en effektuering van totale **kommunikasie (Hoofstuk 2)**

    en
  - antropologie en **pastoraat** meer tot hul reg bring. **(Hoofstuk 2)**

Meer nog, dat daar binne die Gereformeerde teologie en die postmoderne konteks ‘n leemte en aanbod bestaan – en vanuit liturgiese spiritualiteit, liturgiese kommunikasie en liturgiese pastoraat ‘n aanvraag is - na simbole en rituele (**Hoofstuk 2**). Die behoefte en aanvraagsisteme (sirkels) hieronder wat in simboliek ‘n deursnit-aanbod in die kern vind, illustreer die hipotese.



Sisteme in die geloofspraktyk met gesamentlike snyding in simboliek

In die proefskrif ontmoet die ondersoek na die wese en funksionering van simbole en rituele **(Hoofstuk 3**) en Bybelse simboliek (**Hoofstuk 4**) die vermoede uit bogenoemde snyding in die geloofspraktyk. Op die vlak van 'n praktykteorie binne die liturgie en die metateoretiese begronding van dialogiese handelinge wys die ondersoek onder andere uit dat simbole en rituele:

- Dieper en verborge (transendente) werklikhede effektief kommunikeer (3.3.3)
- Deelname vereis (3.3.8)
- Pastorale dimensies en lewensoorgange uitstekend fasiliteer (3.6.1.1 & 3.6.1.12)
- Dien as aanvullende regterbrein-kommunikasie (3.3.2)
- Veelvuldige betekenismoontlikhede dra, multi-sensories funksioneer en verbeelding aktief inspan (3.6.2.5, 3.6.2.6 & 3.6.2.7)
- 'n Feeskarakter baie sinvol medieer (3.6.2.8)

en

- Generasie-sensitief is (3.3.6 & 3.6.2.11)

In die laaste hoofstuk (**Hoofstuk 5**) word al die insigte bymekaargevoeg ten einde op die vlak van 'n praktykteorie 'n **model** aan te bied vir die **liturgiese** gebruik van simbole en rituele binne Gereformeerde kerke, met inagneming van al die genoemde veranderlikes.

1.2 Metodologiese uitgangspunte

> *Ook in de praktische theologie wordt uitgegaan van een wisselwerking van theorie en praxis. Deze begrippen worden vanuit een theologish perspectief ingevuld en toegespitst op de praxis van bemiddeling, als de eigenlijke praktisch-theologische interesse, echter zonder dit handelen te isoleren van de sameleving als geheel. (Heitink 1993:148)*

In hierdie ondersoek word gekies vir ‘n *kommunikatiewe handelingswetenskaplike benadering ter wille van die evangelie* tot die praktiese teologie. Meer spesifiek soos dit gegroei en ontwikkel het uit die kommunikatiewe handelingsteorie van Jürgen Habermas.

1.2.1 Oor die Praktiese Teologie

In die teologie gaan dit oor God. Die term *teologie* is volgens Heyns en Pieterse (1990:3) saamgestel uit twee Griekse woorde; *theos* (God) en *logos* (woord of saak of studie). God kan nie objek of onderwerp van menslike studie word nie. God is te groot en onbeskryflik. Die teologie is dus hoogstens mense se ontoereikende en skamele woorde oor God en studies en teorieë oor geloof in God. Teologie sou sinvol uitgedruk kon word as mense se wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en mense se geloofsuitsprake oor God. Firet (Heyns en Pieterse 1990:4) lig ‘n belangrike kant van die teologie uit as hy verduidelik dat mense nie teologie kan bedryf (oor God praat) as hulle nie ook met God praat nie. Dit bring ‘n polêre spanning vir almal wat met teologie besig is, naamlik ‘n spanning tussen kritiek en vertroue, gebed en redenering , bely en bly vra. In die teologie gaan dit om God en mens. Barth (Heyns en Pieterse 1990:4) verduidelik dat dit in teologie eintlik om ‘n *theantropologie* (*theos* = God en *anthropos* = mens) gaan, want dit gaan om God en dan die God van mense en daarom ook oor die mense en dan oor mense van God.

Firet (Heyns en Pieterse 1990:6) plaas praktiese teologie binne die raamwerk van *kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie*. Die evangelie is die blye boodskap dat God die mens ontmoet. Praktiese teologie het te make met daardie geloofshandelinge wat doeltreffend met ander kommunikeer sodat daar ruimte vir God in hierdie wêreld geskep kan word. Volgens Firet het Nitzsch al in die negentiende eeu gesê dat teologie die *scienta ad praxin* is, dit is ‘n wetenskap wat op die praktyk gerig is, terwyl praktiese teologie ‘n *scienta praxeos* is, dit is ‘n wetenskap wat ‘n teorie vir die praktyk nastreef (Heyns en Pieterse 1990:6-7).

Pieterse (1998:181) verduidelik omtrent die teorie-praxis-verhouding vanuit ‘n prakties-teologiese oogpunt dat “*the praxis of God happens by means of human …actions. But it happens in a partnership between God and human beings through the work of the Holy Spirit.*” Pieterse (1998:181) haal dan vir Heitink (1996) aan wat kosbaar saamvat “*The deductive approach (starting from the text) and the inductive approach (starting from the cultural context) are complementary to each other. In practical theology we presuppose* ***a correlation in which text and context permanently evoke each other****. The structure of practical theology indeed is a bi-polar one. Research of the context leads to a new interpretation of the text. And this reinterpretation of the text, in turn, sheds new light on the actual situation.”* Met hierdie opklaring van ‘n potensiële spanning tussen teks en konteks (teorie en praktyk) is die weg gebaan vir die praktiese teologie om volwaardig en professioneel ontsaglike bydraes te lewer tot die najaag van ‘n visie en handelinge waar Christus alles en in almal kan wees.

1.2.1.1 Prakties-teologiese terminologië

Ten einde teorieë te formuleer, hipoteses te toets en kommunikatiewe geloofshandelinge in diens van die evangelie te bestudeer, word enkele handige gereedskapstukke (terme) aan die orde gestel (Pieterse 1993:48-52).

- Paradigma. Teorieë binne ‘n dissipline kom gewoonlik voor binne ‘n bepaalde *paradigma*. ‘n Paradigma druk die gemeenskapsaard van die gemeenskaplike bedryf uit. Bailey (Pieterse 1993:49) beskryf ‘n paradigma as, “*the mental window through which the researcher views the world* ”.
- Konsepte. Konsepte is die mees basiese taallike konstruksies waardeur die mens die werklikheid begryp en dit klassifiseer en kategoriseer.
- Veranderlikes. Dit is eienskappe wat verskeie waardes kan aanneem soos bv. geslag, ouderdom, godsdienstige oortuiging, ens. waarna konsepte verwys. Dit is konsepte wat in ‘n navorsingsprojek geoperasionaliseer is.
- Stellings. Konsepte word deur stellings logies aan mekaar verbind sodat die verband tussen die konsepte duidelik kan uitstaan.
- Teorie. ‘n Konsepsuele raamwerk van sistematies-geordende stellings waarin die onderlinge verhoudings duidelik en logies uitstaan, vorm ‘n *teorie*. So ‘n teorie het ‘n verklarende en interpretatiewe funksie. Kerlinger (Pieterse

1993:50) se definisie van ‘n teorie lyk so: “A *set of interrelated constructs (concepts), definitions, and propositions that present a systematic view of phenomena by specifying relations among variables, with the purpose of explaining and predicting the phenomena* “. ‘n Teorie is altyd voorlopig en hipoteties van aard en moet so geformuleer word. Daar moet toetsbare hipoteses deduktief daaruit afgelei kan word wat empiries weerlê of bevestig kan word.

- Metateorie. ‘n Teorie waarin wetenskaplike vertrekpunte uitgespel word.
- Basisteorie. ‘n Vakgerigte teorie wat binne ‘n spesifieke vak ontwikkel word vir die doeleindes van die vak.
- Praktykteorie. ‘n Teorie wat ontwerp word vir elke kommunikatiewe handeling, byvoorbeeld vir preekvoorbereiding, vir sang in die erediens, vir gemeentelike deelname aan die preek, vir pastorale gesprekke, vir retoriese aspekte tydens die preek, ens. In die proses van formulering van praktykteorië speel teoretiese en empiriese gegewens in op mekaar om die praxis te rig en te stuur.

Wetenskaplike teorieë moet op die werklikheid gerig wees. Die proses van formulering en ontwikkeling van teorië gaan (*semper*) voortdurend voort met die oog daarop om vir elke tyd en konteks relevante teorieë, georiënteer aan die Woord van God en die eietydse werklikheid, te formuleer.

1.2.1.2 Benaderinge tot die praktiese teologie in Suid-Arika

Die vier basiese benaderinge tot die praktiese teologie in Suid-Afrika is: (1) ‘n diakoniologiese benadering (konfessionele benadering), (2) ‘n handelings-wetenskaplike benadering (kommunikatiewe benadering), (3) ‘n kontekstuele benadering (Pieterse 1993:103-130) en (4) ‘n feministiese benadering (De Gruchy *et al* 1991:95,106-111). Die vier benaderings word aktief as verskillende aksente beoefen binne die vak. Dit strek die praktiese teologie nie tot nadeel nie, maar is voordelig bevorderlik vir gesprek tot kritiek en kreatiwiteit. As norm tot die praktiese teologie en deurslaggewend in die rol van benaderings tot die vak word gekies vir

gebondenheid aan die Skrif of die Christelike boodskap (evangelie). Die vier benaderings behels die volgende:

1.2.1.2.1 Diakoniologiese benadering

Die diakoniologiese hantering van die vak bestudeer die Woord van God uit die gesigspunt van diens aan die kerk. Hierdie benadering hou vas aan die invalshoek dat die Skrif die enigste kenbron is tot die praktiese teologie. Slegs 'n bestudering van die Skrif kan as teologie beskou word. 'n Eksponent van hierdie benadering is prof. Willie Jonker (Pieterse 1993:103). Hy praat daarom van 'n *teologiese radikalisering* van die diakoniologie. Teorie en praktyk kan alleen afgelei word uit God se wil in sy Woord. Jonker (1981:41) sê heel duidelik: "*In die hele teologie gaan dit om slegs een ding: die Woord van God. Natuurlik kom daar in die teologie heelwat meer ter sprake as net die Bybel. Die rede daarvoor is dat die Woord van God op alle dinge betrekking het en alle dinge dus min of meer in die teologie ter sprake sal kom.*" Jonker vind aansluiting by Kuyper (1981:27) in die siening dat "*die handelinge van die kerk te make* (het) *met die verbreiding van die kennis van God soos dit in die Skrif geopenbaar is.*" Kennis vanuit kommunikasieprosesse, sosiale wetenskappe en empiriese ondersoeke bedreig die teologiese karakter van die vak. Kenmerke van die benadering is:

- 'n sterk klem op die Bybel as enigste kenbron en norm vir die totale teologie (ook die praktiese teologie)
- die praktiese teologie word op 'n deduktiewe wyse bedryf as teoretiese teologisering gerig op dienste in die praktyk
- groot nadruk op universiteitsdepartemente en seminariums waar predikante opgelei en afgerig word vir ampswerk

Die swaar klem op die lees van die Bybel is 'n waardige argument. My oortuiging is egter dat dit nie prakties-teologies eksklusief aan die bod moet kom nie, maar wel as swaartepunt. Wat in gebreke blyk in die benadering is die onvoldoende ruimte vir die werklikheid of praktyk. Die religieuse praktyk word hierbinne nie as teologie beskou nie, maar as 'n bedreiging gesien tot die soewereiniteit van die Skrif.

1.2.1.2.2 Handelingswetenskaplike benadering

Die benadering het die objek van die vak wyer gemaak, in die sin dat kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie ook buite die kerk, in die fisiese konteks van die samelewing bestudeer kan word. Voorts betrek die benadering ook nie meer net die ampte en ampsdraers van die kerk as objek nie, maar elke gelowige word nou beskou as subjek van kerklike handelinge. Die vertrekpunt van die benadering is ‘n *koninkryksperspektief* waarbinne die samelewing in sy volledigste sin onder die vergrootglas geplaas word. Praktiese teologie kan nou bedryf word op ‘n manier waar die teorie en die praktyk, die Woord en die werklikheid in ‘n bipolêre spanningseenheid met mekaar in verband gebring word. Die benadering het ook reg laat geskied aan die wetenskaplikheid van die vak; aan die verhouding met ander teologiese vakke en tot die verhouding met ander sosiale wetenskappe. Firet vestig die studieveld as menslike handelinge vanuit die gesigpunt van die evangelie. Hy vervang later die begrip *menslike* handelinge met *kommunikatiewe* handelinge (Pieterse 1993:112).

Die vernaamste kenmerke van die handelingswetenskaplike benadering is:

- Die praktiese teologie bestudeer die handelinge van die kerk en gelowiges wat die evangelie probeer kommunikeer.
- Die Bybel word ook as kenbron gerespekteer, maar meer op indirekte wyse. Teologiese insigte kan uitgebrei word deur geloofservaring en ander menswetenskappe.
- Die praktiese teologie word op meer induktiewe as deduktiewe metode bedryf.
- Die aanbieding van die vak is minder gerig op opleiding van kerkleiers.
- Die benadering kom meer voor by akademici en universiteite met ‘n interdenominasionele inslag.
- Ekumene is hier sterker ter sprake.
- Teologiese teorie word hier belangriker geag as by die diakoniologiese benadering se bestudering van die Bybel *per se.*

Ek reken hierdie benadering as die een wat by uitstek wat die beste rekenskap kan gee van die konteks binne die praktiese teologie, van kommunikasieteorieë om

mense te bereik, van maksimum navorsing en betrekking van ander dissiplines en wetenskappe om die waarheid van die Skrif transformatief en normatief te laat geld. Die oortuiging is verder dat die kompleksiteit van hermeneutiek en handelinge van mense in diens van God binne hierdie benadering ruimte laat vir genoegsame bestudering en verbetering.

1.2.1.2.3 Kontekstuele benadering

'n Eie Suid-Afrikaanse kontekstuele teologie vind ons in die werk van Cochrane, De Gruchy en Petersen (1991). Die groot doelwit van die kontekstuele benadering is om 'n paradigma vir die praktiese teologie daar te stel wat 'n (nuwe) visie van totale transformasie van die totale gemeenskap werklikheid maak . Drie Suid-Afrikaanse dokumente waarby die benadering aansluiting vind, is die *Belhar* belydenis (vanuit Gereformeerde grondslag), die *Kairos* Dokument (vanuit die bevrydingsteologie) en die *Evangelical Witness in South Africa* (vanuit die evangeliese tradisie). Al drie die dokumente bied 'n kerklike reaksie op 'n (kontekstuele) samelewingskrisis in Suid-Afrika. Die benadering sluit aan by 'n teologiese blik waarin solidariteit bestaan met armes, verdruktes en gemarginaliseerdes. 'n Prominente aspek van dié benadering is die profetiese vermaningsrol wat sentraal staan. Metodies brei die benadering uit op Holland en Henriot (Pieterse 1993:120) se pastoraal-hermeneutiese model. Dit verloop in vyf fases: (1) induksie (analise van die sosiale konteks); (2) ekklesiologiese analise; (3) teologiese refleksie; (4) geestelike vorming (spiritualiteit) en (5) kontekstuele pastorale praktyk en beplanning.

Binne die benadering is die Bybel selektief-normatief. God se heilshandelinge in die geskiedenis van Israel en Jesus Christus, soos wat dit deur geloofsgemeenskappe verstaan en oorgelewer is, word as norm geneem. Belangrike kenmerke van die benadering is:

- Die konteks en die situasie (binne die konteks) speel 'n dominante rol.
- Die praktiese teologie word bedryf met die oog op transformasie van 'n gegewe situasie.
- 'n Baie sterk gerigtheid op die wêreld eerder as op die kerk en haar werk word gehandhaaf.

- Wisselende mates van die rol wat die Bybel of die tradisie speel, word aangetref. Dit verskil van persoon tot persoon en instelling tot instelling.
- Gemeenskappe is belangriker teikens as individue in die beoefening van die vak binne die kontekstuele benadering.
- Min klem val op die opleiding van geestelikes in hierdie benadering.
- Ekumeniese belang word belangrik geag en aktief betrek binne die benadering.

Lofwaardig omtrent die benadering is die moeite en nadruk wat op die **konteks** val. Selfs vanuit 'n handelingswetenskaplike oogpunt is daar min wat pla omtrent die benadering. Twee kritiese aspekte dien tog vermeld te word:

- Hoe oop en ontvanklik is die benadering vir ander menings en kontekste as diegene wat hulle nie vereenselwig met armes en onderdruktes nie ?
- Die benadering het baie ruimte vir meer wetenskapsteoretiese begronding en empiriese navorsing wat die praktyk wetenskaplik kan ondersoek.

1.2.1.2.4 Feministiese Benadering

In 1998 maak Pieterse melding van 'n vierde stem wat in Suid-Afrika in die praktiese teologie haarself duidelik hoorbaar maak, naamlik die feministiese teologie. Hy haal dan vir Denise Ackermann aan waar sy verduidelik dat (1998:161): "*Emancipatory feminist research aims at being reciprocal, encouraging deeper self-reflection and understanding on the part of the researched and researcher in a relationship of mutual subjectivity. The goal is to generate new theories from experience for new emancipatory praxis* ."

Sedert die demokratisering van die land in 1994 het die praktiese teologie in Suid-Afrika groot skuiwe beleef. Praktiese teoloë het die **konteks** ernstiger begin opneem. Teorieë vir 'n **transformatiewe praktyk** het meer dringend geraak (Pieterse 1998:179). Denise Ackermann stel die saak prontuit (Cochrane, de Gruchy & Petersen 1991:106):

> "*Traditionally and almost overwhelmingly, practical theology has been the domain of white, middle class,*

male academics and therefore inevitably reflects male views and a considerable degree of cultural imperialism."

Volgens die siening is die tradisionele prakties-teologiese teorieë en universaliteit geslagtelik-eksklusief (sluit die vrou se bydrae uit) en daarom onvolledig. Die doelstelling is dan 'n verbintenis ("*commitment* ") tot 'n praxis om vroue te bevry van 'n dominant-manlike onderdrukking (Cochrane, De Gruchy & Petersen 1991). Daar word binne die feministiese beweging beywer vir 'n nuwe bewussyn, 'n radikaal nuwe perspektief tot die sosiale, die kulturele, die politiese, die religieuse en die rekreatiewe tradisies. Binne die teologie is die visie van die feministiese teologie 'n teologie sonder die "*pain of sexist oppression in the light of faith*" (Cochrane, De Gruchy & Petersen 1991:107).

Hierdie geslagsongelykheid het noodwendig die totale spektrum van die kerklike teorie en praxis bes(m)et. Die ekklesiologie word dan gesien as 'n "*ecclesiological exclusiveness*" en die praktiese teologie word versoek "*to both critique and reconstruct our God-talk* " (Cochrane, De Gruchy & Petersen 1991:109). Die feministiese spiritualiteit is **ekologies** georiënteerd in die sistemiese sin dat enige wandade tot 'n subsisteem die totale (eko)sisteem en lewensondersteuningsisteme vernietig. Die gevolg is dat die beoefening van 'n manlik-dominante teologie die totale teologie en lewe beskadig. Soos die bevrydingsteologie word die feministiese teologie baie sterk gerig en gedryf uit die **konteks** - wat lofwaardig is. Die doel is om verandering van 'n sisteem of sisteme teweeg te bring. Spesifiek die onjuiste en ongelyke bevoorregting van die manlike geslag in die kerk en die samelewing. Die Skrif word gebruik as uitwyser van ongeregtighede en bron van wat ware geregtigheid en gelykheid uitspel.

1.2.2 Prakties-teologiese basisteorieë

It is widely accepted today, in all sciences (natural as well as social) that total objectivity is an illusion, and that knowledge belongs to a community and is influenced by

the dynamics operative in such a community. (David Bosch in Pieterse 1993:1)

Vervolgens gaan ‘n klompie basisteoretiese insigte, wat fundamenteel is vir die praktiese teologie, bespreek word (Pieterse 1993:131-168). Uitgaande van die benadering tot die praktiese teologie dat die vak gesien word as ‘n teologiese teorie van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie, beteken dit dat die praxis hiervan deur die vak bestudeer word binne ‘n wye verskeidenheid van moontlike plekke en terreine. Hetsy dit die erediens is, die ekumene, die gemeenskap, ‘n individu, kleingroepe, ‘n huwelikspaar, siviele instellings of wat ook al. Die evangelie moet binne en deur al hierdie plekke en terreine gekommunikeer en oorgedra word. Daarvoor het ons teorieë nodig om die proses te stuur, te ontwikkel en te verfyn.

Habermas het ons die insig gebring dat ideale interaksie of kommunikasie behoefte het aan ‘n ander tradisie as die bewussynsfilosofiese tradisie sedert Descartes. Daarom gaan Habermas uit van ‘n kommunikatiewe paradigma, waarby ons aansluit in die handelingswetenskaplike benadering. Kommunikatiewe handelinge kan in die leefwêreld net plaasvind in ‘n subjek-subjekverhouding wat totaal op gelyke voet en in vryheid plaasvind. Of dit in die praktyk moontlik is, is ‘n ander vraag . ‘n Goeie riglyn hiervoor is Jesus se prediking self, veral die gelykenisse. Waar God heers, heers mense nie meer oor mekaar nie. Dit gaan hierin om ‘n ideaal aan die een kant wat moeilik verwesenlik kan word, maar aan die ander kant ook nie net wensdenkery moet bly nie.

Vanweë die eie aard van pastorale optrede in geloofsgemeenskappe moet die **kommunikatiewe** paradigma gekies word as *metateorie* vir die wetenskaplike perspektief van die praktiese teologie. Metateorieë dien as die wetenskaplike vertrekpunte van die vak. *Basisteorieë* is fundamentele prakties-teologiese teorieë binne die vak. Basisteorieë word gevorm en ontwikkel en ge-evalueer deur interdissiplinêre interaksie, interaksie met ander sosiale wetenskappe, teologiese dissiplines en empiriese ondersoeke in die praktiese teologie. Vervolgens word ‘n paar velde vir basisteorië kortliks onder die loep geneem. Die velde waarby ons

gaan stilstaan, is die pneumatologie, die kommunikasie van die evangelie, ‘n ekklesiologie en ‘n antropologie.

1.2.2.1 Pneumatologiese begronding van kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie

Die dilemma waarmee hier gewerk word, is die vraag na die verhouding tussen die handelinge van God en die handelinge van mense in diens van die evangelie. Die sleutel tot die antwoord op hierdie vraag in die praktiese teologie, is die werk van die Heilige Gees. Bekyk ons dit vanuit ‘n kommunikatiewe paradigma, moet ons saamstem dat die werk van die Gees – in die uitbreiding van die evangelie na die hemelvaart van Jesus Christus – in wese kommunikatief is. Wat betref die verhouding tussen christologie en pneumatologie, word van die standpunt uitgegaan dat die Woord en die Gees nie geskei kan word nie. Hiervoor word twee grondlyne uitgestippel: (1) Die inkarnasie van Jesus Christus is ‘n christologiese gebeure en ‘n pneumatologiese gebeure. Luk 1:34 en 35 spel duidelik uit dat Jesus deur die Gees verwek is. Ook tydens Sy Messiaanse optrede (fisiese lewe op aarde) versterk die Gees Hom (Mat 12:15 tot 21) en is Hy deur die Heilige Gees uit die dood opgewek (Rom 8:11). (2) Aan die ander kant weer moet onthou word dat die Gees ‘n gawe van Christus is en dat Christus se hemelvaart ruimte skep vir die werking van die Heilige Gees. Die Gees is die Gees van Christus met ‘n eie bewegingsvryheid.

Sedert Pinkster tree die Gees op as Liefdesbode van die Vader en die Seun. Sy optrede is gemik daarop om mense aan Jesus en Sy leer te verbind, Jesus te verheerlik, te onderrig, te lei, te troos en by (in) hulle teenwoordig te wees (Joh 14 tot 16).

Rakende die gemeente as kommunikatiewe ruimte van die Gees is dit belangrik om te verstaan dat dit ‘n *dialogiese* karakter dra met verskillende interpretasies en pluraliteite. Die Gees is die subjek en fasiliteerder van hierdie kommunikasie. Hy skep ruimte vir vryheid, kreatiwiteit en duidelikheid met die Vader en die Seun se liefdesboodskap. Hy maak van die gemeente ‘n *huis* waarbinne ons aan die Vader en Sy unieke Seun kan behoort as kinders en broers en susters vir mekaar.

Die Parakleet se werking het ook betrekking op die wêreld. Die Gees beweeg dissipels van Jesus Christus om te getuig tot in die uithoeke van die wêreld (Mat 28:19 en Hand 1:8). Die Gees getuig ook teen die wêreld (die deel wat vyandig en ongelowig gesind is) om mense sover te kry om die goeie nuus van die evangelie te aanvaar en Jesus as Heer te erken.

1.2.2.2 Kommunikasieteorieë binne 'n prakties-teologiese perspektief

Daar is verskeie benaderinge tot die verskynsel van intermenslike kommunikasie wat weer elkeen op 'n eie wetenskapsfilosofiese of filosofiese siening bou. Ons soeke is die mees gepaste kommunikasieteorie vir die aard van die kommunikasie oor en van die evangelie. Hierin is die Bybel vir ons die oorsprong van alle Christelike kommunikasie. Ons benader die kommunikaise van die evangelie binne die perspektief van die heerskappy van God en binne die konteks van die konkrete gemeente en die konkrete samelewing waarin die geloofsgemeenskap bestaan. Dit beslaan 'n kommunikasie wat intermenslik is, wat die hele menslike bestaan betrek en 'n boodskap wat heil en bevryding bring.

'n Elementêre kommunikasieteorie waarmee ons gaan wegtrek, noem van Schoor (Pieterse 1993:144) 'n kommunikasie-drieluik. Dit bestaan uit 'n sender, 'n boodskap en 'n ontvanger (vertolker). Die boodskap word deur 'n medium, soos taal, foto's, simbole, skilderye gedra. Insiggewend om op te let, is dat alle menslike aktiwiteit en onaktiwiteit , woorde en stilte, 'n boodskap dra (kommunikeer). Die ontvanger is die onmisbare deel van die proses. Kommunikasie eindig nie by die uitstuur en kodering van 'n boodskap nie, maar by die ontvangs en vertolking daarvan. Die geheelbeeld van kommunikasie behoort altyd in gedagte gehou te word. Die sfeer waarin kommunikasie geskied, soos die verhouding tussen persone wat deelneem, hulle verwysings en denkraamwerke, hulle omstandighede, hulle ouderdomme, ens. is deel van die kommunikasiesiteem. Die kommunikasiesisteem met al die deelsisteme het 'n bepalende invloed op die mededeling en vertolking van boodskappe.

Voorts word gesels oor enkele teoretiese benaderinge tot intermenslike kommunikasie. Daar word vanuit drie verskillende invalshoeke na die fenomeen van kommunikasie gekyk:

(1) Klem word gelê op een van die elemente van die drieluik van kommunikasie. Die gevaar hieraan verbonde is dat die ander elemente in die proses verwaarloos of verloor kan word.
(2) Kommunikasie word gesien as die interne werking van kommunikasiesisteme. Kommunikasie word dan gedefinieer as ‘n proses van inligtingsvloei, soos in kubernetika en die pragmatiese teorie.
(3) Daar word op die dinamiek van kommunikasie gefokus as ‘n proses, maar ook ‘n dinamiese proses. Al drie elemente van die drieluik word holisties en dinamies in ag geneem en daar word gekonsentreer op intermenslike kommunikasie.

‘n Ander groep teorieë fokus weer op die kritiese evaluering van die *kwaliteit* van intermenslike kommunikasie. Hierbinne is intermenslike kommunikasie ‘n dinamiese proses waarin al drie elemente van die drieluik belangrik is. Daar word dan aan die hand van ‘n ideale situasie as maatstaf vasgestel wat kortkom aan die kwaliteit van hierdie kommunikasie. Eksistensialistiese benaderinge weer bepaal die kwaliteit van kommunikasie deur die deelname van die individu daarin te ondersoek.

‘n Aantal spesifieke benaderinge tot kommunikasie word kursief weergegee. Kommunikasie moet altyd onderskei word as massakommunikasie of persoonlike (een tot een) kommunikasie:

- Meganistiese benadering. Die model is deur Shannon-Weaver ontwikkel vir elektroniese kommunikasie binne ‘n telefoonmaatskappy. Die kanaal of boodskapoordrag word sterk beklemtoon. Dit is min geskik vir die praktiese teologie omdat dit liniêr is waar die behoefte meer dialogies en sirkulêr is.
- Psigologiese benadering. Hierbinne word die ontvanger in die kommunikasieproses beklemtoon. Veral die proses van dekodering en die veranderlikes wat ‘n rol speel in die interpretasie van die boodskap. Die

praktiese teologie kan hiervan gebruik maak, veral in liturgiese en homiletiese analises en evaluerings.

- Interaksionistiese benadering. Die interaksie tussen twee of meer deelnemers in die kommunikasiegebeure word bestudeer. Dit gaan oor die dinamiese wisselwerking of interaksie tussen sender en vertolker. Die benadering is baie bruikbaar in die praktiese teologie in die bestudering van kommunikasie in die prediking.
- Transaksionele benadering. Hierin word klem gelê op die deling van betekenis waarby alle deelnemers aktief betrokke is. Dit het veel waarde vir studies in die bestudering van kommunikasie in die prediking.
- Pragmatiese benadering binne die sisteemteorie. Die verhouding en die totale kommunikasieproses word vanuit ‘n holistiese perspektief beklemtoon. Kommunikasie word veral as ‘n proses gesien. Groot klem val op interaktiewe gedrag binne ‘n sisteembenadering. Die deelnemende aard van die individu binne ‘n sistemiese omgewing waar die kleinste kommunikasie-eenheid die mens se interpersoonlike sisteem is, word beklemtoon. Dit het veel waarde vir pastorale sorg en familieberaad. Persoonlik is die oortuiging dat hierdie benadering ook waarde het vir die liturgie en homiletiek. Individue en groepe luister en reageer altyd uit ‘n bepaalde sisteem en konteks. Die sisteem en konteks van die ontvangers het ‘n bepalende invloed op die kwaliteit en sukses van die oordrag van boodskappe.

Drie kommunikasieteorieë wat baie gepas is vir die praktiese teologie is die **simboliese interaksionisme**, **die eksistensiële en hermeneutiese benaderinge** en ‘n **dialogiese kommunikasieteorie**.

1. Simboliese interaksionisme is bruikbaar vir indirekte (waar *kenners* van die saak) dialogiese kommunikasie. Die eerste uitgangspunt hiervan is dat mense die werklikheid om hulle nie objektief nie, maar subjektief ken. Die tweede uitgangspunt is dat mense sosiale wesens is wat nie anders kan as om te kommunikeer nie. Die derde uitgangspunt is dat mense taal gebruik om die werklikheid van hulle verstaan te kommunikeer. Die vierde uitgangspunt is dat mense verskillende akteursrolle aanneem in verskillende kommunikasie-kontekste en dit

aanbied deur simboliese interaksie. Die kern van simboliese interaksionisme is dat spreker(s) en hoorders "kenners" van 'n saak is en dat hulle 'n gemeenskaplike simbolesisteem deel waardeur hulle oor die saak kommunikeer.

2. Eksistensiële en hermeneutiese benadering. Die eksistensiële benadering plaas klem op gedeelde betekenis in die bepaling van mense se kwaliteit van bestaan en die hermeneutiese benadering, soos Heidegger (en Gadamer) dit ontwikkel het, is vervat binne die eksistensiële benadering. Hierbinne vind interpretasie deur die individu plaas soos wat sy/hy in dialoog tree met alle tekste om te begryp en te verstaan. Die sosiale konteks waarbinne kommunikasie plaasvind, word hierin ook sterk verreken. Die eerste vertrekpunt hiervan is dat mense voortdurend op soek is na selfverwesenliking en die sin en betekenis van die lewe. Die tweede vertrekpunt is dat mense in hulle soektog limiete van eindigheid ontdek en in 'n grenssituasie beland. Dié bestaansprobleem word dan opgelos deur 'n keuse vir versoening met God te kies as nuwe bestemming. Die derde vertrekpunt is dat die soeke en ontdekking van eindigheid en nuwe bestemmings deur kommunikasie en interpretasie verkry word. Die vierde vertrekpunt is dat mens na die waarheid gelei word - nie net deur haar verstand nie – maar ook deur haar subjektiewe emosies en intuïsie. Die vyfde vertrekpunt is dat kommunikasie ontmoeting is wat relasie tot gevolg het deur dialoog. Die sesde vertrekpunt is dat mense verantwoordelik is vir hulle eie keuses en vryheid.
3. Die dialogiese kommunikasieteorie het gegroei uit filosowe soos Sokrates, Augustinus, Kierkegaard, Buber, Jaspers, Gadamer en Habermas se nadenke oor mense se verhouding en omgang met mekaar. Die grondliggende vertrekpunte hieroor word omvattend uitgespel in **Hoofstuk 2**, spesifiek punte 2.5.1 en 2.5.3.

1.2.2.3 'n Prakties-teologiese ekklesiologie

Om lyne te trek binne 'n ekklesiologie (rakende die konkrete, plaaslike gemeente) wat reg laat geskied aan empiriese *en* teologiese insigte vra na 'n man op 'n perd.

Die kerk van Jesus Christus bestaan in die wêreld en het daarom ‘n teologiese identiteit. Enersyds is die kerk ‘n organisme as liggaam van Jesus en andersyds ‘n organisasie as menslike instelling – bestaande uit mense – in die wêreld. Praktiese-teologies kan daar nie twyfel oor wees dat die gemeente ‘n kommunikatiewe gemeenskap is nie. Ons het dus ‘n kommunikatiewe perspektief op die gemeente. Die funksies van die kerk as organisme is ‘n pastorale funksie en as organisasie ‘n sosiale funksie. Die twee funksies is ten nouste verweef en help in sinergistiese simbiose dat die kerk optimaal funksioneer.

Daar is verskeie kerkmodelle waarbinne gemeentes funksioneer. Bekende modelle is die homiletiese model, die kultiese model, die kommunikasiemodel, die revolusionêre transformasiemodel en die charismatiese model. Die keuse binne ons dag en konteks vir ‘n liggaamsmodel word gedoen omdat:

- dit ‘n model is waarin simmetries gekommunikeer word tussen alle lede van die gemeente
- die opboumotief sentraal staan in die model
- dit groepsbediening en gawe-bedieninge tot sy reg laat kom
- dit geestelike volwassenheid en spiritualiteitsgroei ten doel het
- dit die hoofskap van die kerk ondubbelsinnig aan Jesus Christus, wie se voorbeeld nagedoen moet word, uitbeeld.

In ooreenstemming met Burger (1999:112) toon Pieterse (1993:160) dat ons die hooffunksies van die kerk kan uitlig as *kerugma, leitourgia, koinonia* en *diakonia*. Burger (1999) noem dit die “bedieninge” waarmee die taak of missie van die kerk bereik word. Die kruks vir die praktiese teologie is en sal wees om die vier aspekte ewe veel gewig te laat dra in gemeentes Daar behoort vier eienskappe te wees waaraan die kerk herken word. Hulle is *eenheid, heiligheid, katolisiteit* en *apostolisiteit* (Pieterse 1993:161 & Burger 1999:290-299). Rakende die sosiale funksies van die kerk behoort daar vier prosesse tegelyk en in ewewig in gemeentes bestuur te word. Die vier prosesse is: ‘n gedeelde visie op God se koninkryk, ‘n vaste geloofsverbintenis aan die visie, ‘n sorgende gemeenskapslewe waarin vir mekaar omgegee word en ‘n sterk georiënteerdheid op dade en doen.

Enkele laaste opmerkings oor die komplekse saak van ‘n funksionele prakties-teologiese ekklesiologie word uit Burger (1999) se werk oorvertel. Rakende die **identiteit** van die gemeente is dit waarskynlik die veiligste om gemeentes se identiteit te koppel aan die unieke identiteit van ‘n *unieke verhouding met God Drie-enig* (1999:52). Die **taak** of **missie** van die kerk lê op drie terreine 1999:83-84):

- versprei die kennis van God (ekklesiologies en missionêr)
- leef met sorgende liefde (diakonêr)
- streef na ‘n *patos* vir die reg (gehoorsaamheid).

Uit hierdie riglyne kan ons staan by ‘n **kommunikatiewe handelingsteorie** as basisteorie vir die praktiese teologie.

1.2.2.4 Antropologiese insigte binne die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering

Die mens in die konteks van ons tyd, met sy kennis om kernwapens te ontwikkel wat die mensdom kan uitwis en sy kennis om elektronies-kommunikatief van die wêreld ‘n dorp (“*global village*”) te maak, het die lewenskonteks waarbinne ons die boodskap van die evangelie verstaan en uitdra en oor God en oor mense dink en oor die kommunikasie van die evangelie nadink, onberekenbaar verander.

‘n Holistiese blik op die mens en ‘n kommunikatiewe perpektief is daarom nodig om die mens van ons tyd en konteks te verstaan. Die versteurings van die verhouding met God en relasies tussen mense dui ons in die rigting van noodsaaklike kommunikasie. Hierbinne kan die mens dan vanuit ‘n eskatologiese perspektief met ‘n pneumatiese klem benader word. Vernuwing en herstel vind dan beslag vanweë die heilswerk van Christus deur die Heilige Gees in ons. ‘n Teologiese siening waarin die herstel van relasies en die kommunikasie met God, mense en natuur tot volle wasdom kan groei, kan ontwikkel word vanuit die *verbond*. Die verbond dien as antropologiese konsep ingebed in die teologiese raamwerk van God se verhouding met die mense en die wêreld. Dit plaas die mens individueel en kollektief as gemeenskapswese binne ‘n kommunikasieraam. Dan is die gemeente as verbonds-gemeenskap ‘n kommunikasieruimte. Daar moet onthou word dat

God reg van die begin af – reeds van die skepping af - met sy verteenwoordigers, die mense, in dialoog (en kommunikasie) was. Die mens is feilbaar. God se gebod is verbreek en daarmee saam ook die relasie, dialoog en kommunikasie. God is egter 'n God wat aanhoudend na die mens kom om die swakheid van die mens – sy ontrou - te genees. Die menslike (swak) kant van die verbond het God herstel deur die kruisdood en opstanding van sy Seun, Jesus Christus. Nou is Jesus egter deur die Heilige Gees die Immanuel (God met ons), wat voortdurend met ons op weg is na die voltooiing van die verbond wanneer God by ons kom woon en alles en in almal sal wees. Hierdie herskeppingsproses deur die Gees word 'n lewenslange leerproses tot die *eschaton* (einde) aanbreek. Hierdie verbondsbegrip moet binne 'n eskatologiese en koninkryksperspektief geplaas word. Die integrerende verbinding tussen God, mens en natuur binne die verbond as verhoudingsnetwerk, is die liefde wat ons in Jesus Christus leer ken het. Deur dit te probeer uitleef, kan ons *kommunikatiewe handelinge* iets laat begin deurskemer van wat ons deur God se genade in wese is, naamlik mense van God.

Konklusie omtrent prakties-teologiese basisteorieë

Die basisteoretiese insigte wat onder die loep geneem is aangaande pneumatologie, 'n kommunikasieteorie, 'n ekklesiologie en 'n antropologie verskaf waardevolle perspektiwiese buitelyne waarvolgens die vak praktiese teologie beoefen word as teologiese kommunikatiewe handelingsteorie. Vervolgens word 'n wetenskaps-benadering en empirie (kwantitatiewe metodiek) bygebring.

1.2.3 Wetenskapsteoretiese perspektief tot die praktiese teologie

> *The two traditional approaches within theology, the literary-historical and the systematic one are not satisfactory …What is needed is empirical-theological research of the variety of the praxis.* *(Van Der Ven 1988:13)*

1.2.3.1 Wetenskaplikheid

In die praktiese teologie moet praktiese kennis versamel word ten einde kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie uit te voer (Pieterse 1993:53,175). Die praktiese kennis moet wetenskaplik versamel word. Daarom word kursories ‘n oorsig gebied van die ontwikkeling van wetenskaplike navorsing in die praktiese teologie aan die hand van (hoofsaaklik) Pieterse (1993) se uiteensetting daarvan. Vir baie lank het Aristoteles se deduktiewe wetenskapsmodel, wat nie ruimte gehad het vir empiriese ondersoeke en verskynsels nie, gegeld in wetenskaplike ondersoek. Met die opbloei van die wetenskap tydens die Renaissance het eksponente soos Francis Bacon ‘n metode begin ontwikkel wat induktief van empiriese feite uitgaan en dit veralgemeen en geteoretiseer tot algemeen geldige teorieë. Die *positivisme* van Comte en andere het hierop voortgebou, waarbinne die werklikheid gesien is as ‘n objektiewe gegewe met ‘n onveranderlike struktuur wat onafhanklik van menslike kennis bestaan. Die positivisme het swaar gesteun op die neutrale objektiwiteitsbeginsel en empiriese feite wat vir sigself spreek. Die teologie het die positivisme afgewys omdat metafisiese kennis waardeloos geag is. Binne die positivisme is slegs feite wat deur sintuiglike ervaring ingesamel is as ware kennis geag. Habermas het aangetoon dat die positivisme met tegniese kennisbelang werk, wat te make het met voorspelling en kontrole en dus instrumentele handelinge. Ons benadering gaan uit van kommunikatiewe handelinge en nie instrumentele handelinge nie. Popper toon aan dat wetenskaplikheid berus op empiriese weerlegbaarheid, juistheid van stellings, hipoteses en teorieë en dat kennis altyd voorlopig is (Pieterse 1993:55-98). Ondersoeke moet dus **hipoteties-deduktief** verloop. Hy wys ook daarop dat neutrale of objektiewe waarneming ‘n illusie is wat nie bestaan nie. Volgens hom is objektiwiteit nie in die navorser geleë nie, maar in die metode wat die navorser gebruik. Kuhn lewer weer bydraes oor die rol van *paradigma* in die geskiedkundige ontwikkeling van die wetenskap en oor *objektiwiteit* (Pieterse 1993:55-98). ‘n Sekondêre winspunt uit sy bydraes is die sisteemteoretiese kyk op die werklikheid.

Hierop het die *interpretatiewe benadering* se bydraes gevolg. Hermeneutiek het sy regmatige plek begin kry. Die insig het deur die inwerking van Dilthey, Heidegger,

Gadamer, Ricoeur tot Habermas gegroei dat alle wetenskap en veral die geesteswetenskappe ‘n hermeneutiese dimensie het (Pieterse 1993:72) - hermeneutiek synde die studie van verstaan deur interpretasie te wees. Max Weber werk met die deelnemende sinsbetrokkendheid van individue en menslike handelinge. Die fenomenologie – met Husserl as grondlegger, fokus op die bewussyn wat wêreldgerig is (Pieterse 1993:73). Subjekte van navorsing is volgens die fenomenologie *denkend*, *sprekend* en *beskrywend*. ‘n Belangrike bydrae is verder dat die ondersoeker deel moet wees van - en homself inleef - in die wêreld van die ondersoekte.

Hans-Georg Gadamer maak beswaar teen die oordrewe rol wat metodiek speel in die verkryging van ware kennis (Pieterse 1993:79). Hy beweeg meer na die vraag na hoe daar uit die tradisie geleer kan word, as hoe kennis uit die leefwêreld getoets kan word. Gadamer se metode is fenomenologies, maar binne ‘n hermeneutiese benadering. As raamwerk vir kennis-insameling in die geesteswetenskappe stel hy die simmetriese uitwisseling voor, wat tekenend is van gesprek op gelyke voet in kommunikasie. Verstaan (hermeneutiek) word as *voortgaande* kommunikasie gesien en waarheid word ontdek wanneer ons in egte ontmoeting met die verlede tree. Ricoeur se kritiek op Gadamer se hermeneutiek is dat daar nie ruimte vir kritiek is nie. Ricoeur bring ‘n element van *verklaring van die* teks by (Pieterse 1993). Die betekenis van die geheel (sentrale uitspraak van die teks) word as interpretasiehipotese geneem. Binne die perspektief van kritiese hermeneutiek verloop die verstaansproses volgens Ricoeur (Pieterse 1993:88) in drie fases: (1) deelnemende verstaan, (2) verklaring en (3) weer verstaan. Ricoeur het reuse bydraes gelewer omdat hy ruimte geskep het vir empiriese ondersoeke vanuit ‘n verklarende perspektief binne ‘n hermeneutiese raamwerk (Heitink 1993:159). Habermas streef daarna dat kennis bewustelik volgens ‘n kennisbelang verwerf word, wat baie waarde het deurdat dit ‘n doelwit najaag , naamlik ‘n samelewing wat vry is van verwronge kommunikasie. Die ideale kommunikasie-situasie is vir hom essensieel. Die menslike samelewing word deur hom gesien as ‘n *netwerk van kommunikatiewe handelingspatrone*. In kommunikatiewe handelinge word drie werklikheidsaspekte altyd in gedagte gehou: (1) die *objektiewe* werklikheid van dinge en gebeurtenisse, (2) die *sosiale* werklikheid van waardes en norme en (3)

die *subjektiewe* werklikheid van intensies, gevoelens en behoeftes (Pieterse 1993:181). Wat metode betref, maak Habermas voorsiening vir *verstaan* en *verklaring* binne 'n *interpretatiewe* perspektief (Pieterse 1993:184).



Figuur 2: Die Metodologie van die Praktiese Teorie (Heitink 1993:161)

Hoewel Habermas nie 'n Christen-gelowige is nie, lewer sy teorie van kommunikatiewe handelinge baie waardevolle meta-teoretiese bydraes. Die handelingswetenskaplike aanslag tot die praktiese teologie is nou verder verfyn tot 'n kommunikatiewe handelingsteorie. Daar moet gewaak word teen 'n te sterk klem op menslike handelinge ten koste van erkenning as God se handelinge in Jesus Christus deur die Gees. Ook Firet, Heitink sluit aan by die kommunikatiewe handelinge. Dingemans sluit aan by die kritiese vertaling van Habermas se teorie in teologiese terme (Pieterse 1993:97-98).

1.2.3.2 Empirie

Heitink (1993) definieer praktiese teologie as "*de **empirisch**-georiënteerde theologische theorie van de bemiddeling van het christelijk geloof in de praxis van de moderne sameleving.* " Heitink bedoel met *empiries-georiënteerde* teorie 'n praktiese teologie wat die ervaringswêreld van die mense in die kerk en in die

samelewing – die empiriese inligting – goed verreken. Wat die klem op empiriese inagneming betref, word baie sterk met Heitink saamgestem. Die praxis (werklike leefwêreld) wat deur die praktiese teologie aangespreek word, is ‘n komplekse en pluralistiese praxis. Van der Ven praat van “the contemporary pluriform, heterogeneous, chaotic religious field” (Pieterse 1993:169). Hierdie sosiale gedifferensieerdheid van die praxis moet verreken word as mense kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie wil uitvoer. Daarom kan die praktiese teologie nie anders as om die huidige, konkrete werklikheid te **ondersoek** nie. Ingebou in die vak as teologiese handelings**wetenskap**, moet daar ook empiriese ondersoek gedoen word. Op die gebied van kwantitatiewe empiriese ondersoek en metodiek het Van der Ven kosbare werk gelewer. Hy het die denke van Habermas (*kommunikatiewe* handelingsteorie) en die empiriese benadering in praktiese teologie bymekaargebring (Pieterse 1993:171).

Empiries werk Van der Ven nomoteties in sy soeke na *ware* en *seker* kennis (Pieterse 1993:178). Ondersoekprojekte is dus kwantitatief van aard. Sosiale opnames en kwasi-eksperimentele navorsingsontwerpe word gebruik. Vraelyste word deurgaans gebruik om data in te samel en statisties ingespan om bevindings te maak. Een van die groot treë wat Van der Ven gegee het, is dat teoloë (daarmee ook die vak teologie) deel geword het van die sosiaal-wetenskaplike analitiese fase *en* die teologiese refleksie van empiriese ondersoeke. Dit het tot gevolg gehad dat die praktiese teologie kwantitatiewe navorsingsmetodes by ander wetenskappe moes oorneem en ontwikkel. Die navorsingsproses is nou van die begin af binne teologiese konsepte, teorieë, dogma, refleksie en benaderings. Dit is dus minder afhanklik en ondergeskik aan ander sosiale wetenskappe. ‘n Interessante feit is dat Dingemans (teenoor Van der Ven se intradissiplinêre benadering) pleit vir ‘n interdissiplinêre benadering tot analise vir die praxis (Pieterse 1993) en dat praktiese teoloë slegs hermeneuties reflekteer op grond van die resultate van sosiaal-wetenskaplike ondersoeke. Van der Ven laat nog ruimte vir kwalitatiewe ondersoekmetodes, maar vir hom funksioneer dit in die induksiefase van ‘n ondersoek. Die ondersoekfases van empiriese ondersoek verloop volgens Van der Ven soos volg (Pieterse 1993:180):

1. Die stel van die doel — Observasie
2. Die stel van die probleem — Observasie

3.	Teologiese konsepsualisering van probleemstelling	Induksie
4.	Operasionalisering van teologiese konsepte	Deduksie
5.	Instrumentasie van teologiese konsepte	Deduksie
6.	Die meetproses	Toetsing
7.	Statistiese analise van data	Toetsing
8.	Formulering van antwoord op probleemstelling	Toetsing
9.	Evaluering van antwoord op probleemstelling	Evaluasie

Die evaluasiefase is later deur hom uitgebrei tot teologiese interpretasie, teologiese refleksie en teologies-metodologiese refleksie. Van der Ven is oortuig daarvan dat sulke ondersoeke en bevindings ons kan help om kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie meer effektief en bevorderlik vir die koninkryk van God te kan uitvoer, implementeer en gebruik.

Kritiek vanuit die fenomenologie op empiriese ondersoeke is dat kwantitatiewe ondersoeke nie regtig effektief interpretasies, intensies en motiewe van subjekte weergee nie, ook nie die kollektiewe sinsamehang binne groepe nie. Ek glo dat (saam met Pieterse 1993:186) die kwantitatiewe metode geldigheid en betroubaarheid (*eksaktheid*) toets en dat die kwalitatiewe analises fokus op hermeneuse van sosiale werklikhede en verskynsels (*diepgang*) in al sy kompleksiteit om dit beter te verstaan. Die twee benaderinge moet eerder onderskei word en aanvullend gebruik word as dat vir een ten koste van die ander gekies word. Die samehang tussen die twee benaderinge, in prakties-teologiese ondersoek, bring ons uit by ‘n genoeglike verhouding tussen die teorie (interpreteer kwalitatief) en die praktyk (ondersoek kwantitatief).

1.2.4 Persoonlike Refleksie (deduktief)

Persoonlik word gekies vir ‘n *kommunikatiewe handelings**wetenskaplike benadering ter wille van die evangelie* tot die praktiese teologie. Die voorafgaande bespreking het rekenskap gegee van die aanloop en ontologie tot die metodologieë en benaderings. Die behoefte bestaan om hierdie keuse in sy verskillende komponente (deduktief) as Bybelgetrou te motiveer, sonder om die geheel van die

gekose benadering te na te kom. Die standpunt word gehuldig dat die Skrif op indirekte wyse – binne dié benadering - aan die bod kom. My oortuiging is dat die gekose (en bespreekte) prakties-teologiese handelswyse en benadering genoegsaam in die Skrif neerslag vind, dat dit waarskynlik meer as net "indirek" die Skrif laat seëvier. Die onderskeie elemente wat Bybels gemotiveer word, is:

- - die *kommunikatiewe* element
- - die *handelinge*-aspek
- - die *wetenskaplike* perspektief
- - die *ter wille van die evangelie*-swaartepunt.

1.2.4.1 Kommunikatief

Daar kan aan haas geen profeet of priester of koning of rigter in die ou Testament gedink word waar God nie 'n kommunikatiewe taak aan hom of haar opgedra het nie. In gevalle van gebrekkige kommunikasievaardigheid (Moses in Eks 4:10; Jer 1:6) of spraakgebrek het God wonderwerklik genees en voorsien en nooit die kommunikatiewe taak teruggetrek nie. God het telkens gekies om met die volk Israel te kommunikeer deur konings, profete en priesters deur mens-tot-mens(e) dialoog.

In die Nuwe Testament het Jesus Christus dimensies van kommunikasie tot mense uitgestal in die oortreffende trap - kommunikasie tot groepe en individue wat elke sintuig van mense betrek het (en altyd die Joodse konteks verreken het) en wat mense in hul diepste wese wysig tot 'n innige verhouding met God: wonderwerke, dialoog, dade, gelykenisse (metafore, beelde), leerredes, ensovoorts. Die resultaat was fenomenaal. Na Christus se hemelvaart het die apostels en ander leiers onder leiding van die Gees voortgegaan met dialogiese kommunikasie ter wille van die evangelie – tot in die uithoeke van die wêreld. 'n Teks wat die belang van dialogiese kommunikatiewe kwaliteite in die praktiese teologie beklemtoon, vind mens o.a. in Rom 10:14 (" *Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?*"). Die praktiese teologie sal in metodologie, benadering en navorsing altyd die optimum kommunikasieteorieë vir elke konteks moet najaag. Geen aspek of dissipline binne die praktiese teologie kan

sonder juiste kommunikasie afloop nie. Die standpunt word gehuldig dat kommunikasie met God (gebed) kommunikasie met mense moet voorafgaan en oorskadu en dit ophelder.

1.2.4.2 Handelend

Die kernvrug van die evangelie lê daarin dat dit oorgaan tot dade (*handelinge*). Skrifdele soos Mat 7:21: "*Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil **doen** van my Vader wat in die hemel is*." en Jak 2:26: "*'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat **nie tot dade kom nie**, ook dood*." , dui hierdie beginsel duidelik aan. Die mikpunt van die praktiese teologie is om deur die Seun en in die krag en werking van die Gees mense uit te bring by dade (*handelinge*) wat 'n "*soos Jesus*"-karakter dra (1 Joh 2:6 : "*Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe **soos Jesus** gelewe het*").

Behalwe die vrug wat die praktiese teologie graag wil najaag in menselewens, kan die voertuig (instrument) vir God se heilshandelinge nouliks enige ander vorm aanneem as *handelinge* van en deur *mense,* spesifiek kommunikatiewe handelinge. Job vra in Job 7:17 die vraag aan God : "*Wat is die mens dat U soveel van hom maak, dat U hom so op die hart dra* ?" Die skrywer van die Hebreërbrief verwoord hierdie Goddelike gegewene treffend in Heb 2:5-9 (waar hy Ps 8:5 – 7 aanhaal): "*Dit is nie aan engele dat Hy die toekomstige wêreld, waarvan ons praat, onderwerp het nie. Inteendeel, iemand het êrens getuig en gesê:*

"Wat is 'n mens
dat U aan hom dink,
'n mensekind
dat U na hom omsien?
U het hom 'n kort tydjie
minder as die engele gemaak;
U het hom met heerlikheid
en eer gekroon;
U het alles aan hom onderwerp."
By die onderwerping van alle dinge aan die mens is niks uitgesluit nie."

1.2.4.3 Wetenskaplike empiriese aspek

By die waardevolle bydraes van outeurs soos Pieterse en Van der Ven rondom hierdie aspek, kan een treffende Bybelvertelling tog waardevol wees. Die verhaal van Numeri 13 en 14 waar Moses verkenners uitgestuur het om die land Kanaän te gaan verken en die detailverslag wat hulle gelewer het by terugkoms kan goedskiks vertolk word as 'n prakties-teologiese navorsingspan wat empiriese navorsingsdata gaan insamel het binne die Kanaänitiese konteks vir die Ou Testamentiese gemeente (die woestynvolk van God). Op grond van die data moes die *gemeenteleiers* op 'n strategie besluit. Persoonlik is die mening dat die praktiese teologie in die toekoms baie moeilik sinvolle teorieë en strategieë sal kan formuleer en toepas sonder die hulp van empiriese ondersoeke. Die konteks en tydgleuf waarin ons leef het baie kompleks geword. Die Bybelse uitgangspunte sal deurlopend gerig moet word in die rigting en op die wyses waartoe grondige wetenskaplike ondersoeke ons noop.

1.2.4.4 Ter wille van die evangelie

Binne ons prakties-teologiese (kommunikatiewe) handelingswetenskaplike benadering bly die Skrif ons regmatige kenbron. Ook binne die grense van reformatories-belydende kerke word ons met hierdie frase gevrywaar teen algehele vrysinnigheid binne die teologiese vakdissipline. Die hoogste mikpunt en strewe word ook in hierdie frase duidelik uitsgespel sonder om beperkend of inhiberend die vakgebied af te grens. 'n Bybelse eksponent wat die beginsel goed deurgee, is die apostel Paulus. In 1 Kor 9:20 tot 23 vind ons die volgende woorde: "*Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen. Hoewel ek self nie meer onder die wet is nie, het ek my vir dié wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen. Hoewel ek nie sonder die wet van God is nie, maar onder die wet van Christus, het ek vir dié wat sonder die wet is, geword soos een sonder die wet om hulle te wen. Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red. Dit alles doen ek* ***ter wille van die evangelie****, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.*"

Hierdeur is daar genoegsame ruimte vir interdissiplinêre en intradissiplinêre navorsing en metodes en gebruikmaking van kundigheid uit ander sosiale

wetenskappe, met die oorhoofse doelwit om versoening tussen mense onderling en tussen God en mense te bewerkstellig binne ‘n konteks van vrede, reg en geregtigheid.

1.3. Liturgiese uitgangspunte

> “*De liturgie is het kloppende hart van een kerk, niet haar denkende verstand. De eredienst bevat geen mededelingen of bewijsvoeringen omtrent het geloof, geen rationeel denkkader, geen teologish tractaat, zij is de neerslag van een andere menselijke kunde, die van de verbeelding. Wat gelovige mensen zich voor ogen stellen omtrent de zin van hun bestaan, welke zingeving zij aan hun leven willen geven, wat zij geloven omtrent hun toekomst, dat alles wordt in de verhalen, liederen en gebeden van de liturgie verbeeld. In een taal en in tekens die wij niet zelf hoeven te scheppen, maar die ons een thuis bieden.*” (Wegman 1991 – in Schuman 1998:38)

****

> “*Onder liturgie verstaan ek die samekoms van God se volk as hoor-, leer-, terapeutiese en feesgemeenskap.*” (Vos & Pieterse 1997:6)

1.3.1 Kernbegrippe en uitklarings

Saam met Vos en Pieterse (1997:118 -119) word gekies vir Barnard (1981:52) se lywige **omskrywing** van wat met die begrip liturgie bedoel word:

> “*Die liturgie omvat al die woorde en handelinge van die volle erediens, met insluiting van die preek (nie die inhoud van die prediking nie) en die Nagmaal; sowel as ander handelinge soos die doop, die openbare belydnis van geloof, die bevestiging van ampsdraers; ook van ander dienste soos gebedsdienste, Bybelstudie deur die gemeente, huweliks-*

en begrafnisdienste; … die gebede, liturgiese formuliere, die kerklied; … die verskillende elemente van die erediens afsonderlik en in samehang; die kerklike jaar, die kerkgebou, die kerklike kleed; die hele dinamiek van die erediens en soos dit in lewende wisselwerking staan tot die daaglikse godsdiens en daaglikse lewe."

Die begrip "liturgie" spruit uit die Griekse term ***leitourgia*** (Vos en Pieterse 1997:4; M.Barnard 1998:90; A.Barnard 1981:53; Senn 1987:286; Dijk 1998:399). Dit is saamgestel uit *laos, leitos* (die volk) en *ergon* (werk). Dit het aanvanklik in antieke Griekeland gedui op die openbare werk van die landsburgers. Vandag omskryf dit die handelinge in die erediens (Vos & Pieterse 1997:6; Deist 1984:145) en "*the work of Gods visionary people* " (Neville & Westerhoff 1978:99; verg. Larson-Miller 1993:163; Burger 1999:214). Met **liturgiek** (*leitourgikè techné*) of *liturgiewetenschap* word bedoel die wetenskaplike navorsing, metodologie en besinning oor die "oefening en die voeding" van die liturgie (Vos en Pieterse 1997:15–18; M.Barnard 1998:91; A.Barnard 1981:52). Die erediens word gesien as 'n openbare **ontmoeting** tussen (Vos & Pieterse 1997:7; Immink 1998:83):

- God en die gemeente
- God en die enkeling
- die gemeentelede onderling
- die gemeente en die wêreld

en

- die enkeling en die wêreld.

Spesifieke omskrywende **handelinge en fokusse** wat deel is van hierdie ontmoeting of daaruit vertrek is (1997:7-9):

- die erediens as dialogiese gesprek tussen God en die gemeente (vergelyk Immink 1998:83)
- die erediens as diens van God aan mense en mense aan mekaar onderling (vergelyk Burger 1999:214)
- die erediens as aanbidding van God (vergelyk Burger 1999:204)

- die erediens as plek van gemeenskap met God en met mekaar (vergelyk Immink 1998:83-84)
- die erediens as viering of *celebratio* (vergelyk Schuman 1998:38; Pieterse in Vos & Pieterse 1997:123; Burger 1999:208 & Long 2001:95-96)
- die erediens as handelingsruimte waar daar liggaamlik, geestelik, lerend en simbolies gehandel word (vergelyk Immink 1998:89)

en

- die erediens as verwerkliking en voorspel tot die komende heerlikheid (vergelyk Schuman 1998:38).

Schuman (1998:23) sien die **wese van die erediens** as die volgende vyf paradigmatiese vertrekpunte vir alle liturgie: "*Zo schetst de evangelist in één trek de weg van alle liturgie.*" Hy konstrueer dit uit die verhaal van die Emmaüsgangers in Lukas 24:13-35:

- Gemeenskaplikheid. Enigiemand is welkom om "*metgezel* " en "*mede-reiziger* " van die opgestane Jesus en van mekaar te word.
- Die Skrif. Onderweg word die Messiaanse betekenis van die wet, die profete en die psalms uitgelê.
- Gebed. Die gebed: "*Blijf bij ons !* " (die oerwoorde uit die liturgiese aandgebed) word gebid.
- Broodbreking. Toe hulle Jesus ten volle herken beweeg dit hulle tot die breek van brood.
- Beweging. Die mense word beweeg om weer aan ander die verhaal te gaan vertel.

In ooreenstemming met Hoon (1971) bly dit ononderhandelbaar dat die **sentrum** van die erediens die teenwoordigheid van Jesus Christus – die *praesentia Christi* - deur die Heilige Gees is (Vos en Pieterse 1997:91,119) en dat die **inhoud van liturgiese kommunikasie** in die konteks van die Christelike gemeente nie iets anders kan

wees as die "*Bybelse boodskap van die evangelie van Jesus Christus nie* " (Vos en Pieterse 1997:27; vergelyk Schuman 1998:23).

1.3.2 Liturgiese nadrukke

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek word die spesifieke **klemme** en outeurs uitgelig om die spesifieke liturgiese benadering wat onderskryf word duidelik en nader aan te toon.

1. **Verbeelding** (Immink 1998:50; Long 2001:94). Omdat daar in die liturgie gesprek en aanbidding is tot 'n onsienlike en onbeskryflike God moet verbeelding ingespan word. Met verbeelding is simbole, rituele en sakramente onontbeerlik (Siertsema 1998:379; Van Leeuwen 1998:53)

2. **Verlede, hede, toekoms** (Van Leeuwen 1998:53,65). Omdat die liturgie die verlede, die hede en die toekoms omspan en lewensoorgange moet begelei, word verhale, simbole en rituele aanbeveel, want dit "*houden de vroegere vast en verbeelden de toekomst* ". So, byvoorbeeld, word 1 Kor 11:25v gekies om die eucharistie se tydsomspannende dimensie te illustreer: "Doen dit (hede) … tot my gedagtenis (verlede) … totdat Hy kom (toekoms) …"

3. **Dialoog** of gespreksmatig (Immink 1998:73). Binne die liturgiese gebeure is daar 'n "*dubbele beweging* " wat tot uitdrukking kom: "*van Godswegen naar de mensen en van de mensen naar God* " - 'n *Actio Dei* en 'n *actus a parte populi* (verder uiteengesit ➔ dialogiese, kommunikatiewe handelinge - 2.5).

4. **Verkondiging <u>én</u> viering** (Immink 1994:24-27; Schuman 1998:30-31; Faber 1990:51). Die model word voorgestaan waar orde en variasie (Vos & Pieterse 1997:12-13); tradisie en vernuwing; Skrif en viering die liturgie uitmaak. Dit is 'n intermediêre benadering wat Cherry (200:6-8) *convergence liturgy* noem, wat Webber (2001:8-14) *blended worship* noem, wat White (1991:199) *liturgical flexibility* noem en wat Thomas Long (2001:60) *the third way* noem.

5. **Simboliekgebaseerde kommunikasie** (Immink 1998:75; Zwaan 1998:393; M.Barnard 2000:5). "*De samenkomst is primair een* ***communicatief***

gebeuren *en de liturgische dimensie kan het beste tot uitdrukking gebracht worden vanuit het gezichtpunt van de* ***symbolische communicatie*** " (Immink 1998:75).

6. **Deelname** (Long 2001:109; Van der Lans & Geerts 1990:89). Die liturgie is bedoel om aan die gemeente te behoort (1 Kor 14:26) in terme van inklusiewe deelname soos voorbereiding, uitvoering en beplanning (Richter 1998:1-2; Burger 1999:214-215; Dijk 1998:401; Hoffman 1991:39; Oskamp 1998:417; Immink 1998:67; M.Barnard 200:5 & Vos & Pieterse 1997:26).

Schuman (1998:39-51) bied 'n waardevolle kerkhistoriese en ekumeniese kroniek van die pad wat Christelike liturgieë geloop het. Die hoofmomente, spesifieke klemme en karakteristieke van enkele hoofraam-liturgieë word uitgebeeld om daaruit te kies vir die ekumenies-protestantse liturgie - met inbegrip van die Gereformeerde liturgie - om aan bogenoemde ses liturgiese swaartepunte reg te kan laat geskied.

Die vroeg-Christelike erediens (1998:39)

Woorddiens *(synaxis)*	***Tafeldiens*** *(eucharistie)*
Begroeting in beurtspraak	Hehaalde begroeting
Skriflesing en psalms	Opdrag van die gawes
Uitleg	Die groot dankgebed
Die groot kerkgebed	Kommunie
Wegsending en seën van die *catechumenen*	Wegsending en seën van gedooptes

Die Oosters-Ortodokse erediens (1998:42)

Openingsrite

Heiliging van die liturgie

Heiliging van brood en wyn

Insameling van name ter gedagtenis

Woorddiens	***Tafeldiens***
Die groot Litanie	Groot intog
Psalms en gesange	Onderlinge vredesoproep
Klein intog met driemaal "Heilig"	Gesonge geloofsbelydenis
Lesings	Eucharistie-gebed
Gesonge gebede wat *Kyrie* herhaal	"*Het heilge voor de heiligen* "
	Kommunie

Slotriten

Seën

Uitdeel van die brood wat oorbly

Die Rooms-Katolieke erediens (1998:44)

Openingsrite

Gesonge intog

Skuldbelydenis

Kyrie en *Gloria*

Sondaggebed

Woorddiens	***Tafeldiens***
Lesings uit die OT en NT met antwoordpsalm	Aanbieding van brood en wyn (*offertorium*)
Evangelielesing en homilie	Eucharistie-gebed met wisselende tekste, vaste gesange en konsekrasie
Geloofsbelydenis	
Voorbidding	Kommunie

Slotrite

Slotgroet

Wegsending en seën

Ekumenies-protestantse erediens (1998:47)

Opgang en intrede

Gebede (tuis en in kerk)
Musiekoefening
Kerse aansteek
Toenaderingsgebed
Beginpsalm
Kyrie en *Gloria*
Sondaggebed

Woorddiens

Lesings met antwoordpsalm
Prediking
Geloofsbelydenis
Gebede

Tafeldiens

Voorbereiding van tafel
en gebed oor die gawes
Tafelgebed
Onse Vader
Kommunie

Wegsending en seën

Danksegging
Wegsending en seën

Klassieke Gereformeerde erediens (1998:49)

Votum en seëngroet
Aanvangslied
OF: Tien Gebooie met samevatting en gemeentesang
OF: Gebed/lied van skuldbelydenis, genadeverkondiging, Tien Gebooie
Voorlesing uit Skrifgedeelte
Gebed
Gemeentesang
Kollekte
Prediking ("*eventueel onderbroken, altijd afgesloten met gemeentezang* ")
"*Dankzegging en gebed voor alle nood der christenheid* "
Slotlied
Seën

Insiggewend en lofwaardig – uit 'n oogpunt van akkommodering van beide die verkondigings- en vieringsmotief, 'n ekumeniese motief, 'n antropologiese motief en

‘n vernuwingsmotief met inbegrip van simbole en rituele – is die tendens dat daar binne die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika ‘n skuif plaasvind vanaf die klassieke Gereformeerde liturgie (p.35) na die ekumenies-protestantse liturgie (p.35) met sy vierslag-benadering van *intrede, Woorddiens, tafeldiens* en *wegsending* (vergelyk BUVTON leesrooster). Insiggewend is die feit dat Long (2001:94) op voetspoor van Webber (1997) die vierslag-benadering uitsonder, omdat dit reg laat geskied aan die vieringsaspek, die uitstuur-aspek, die Woordbediening en aan verbeelding. Die stelselmatige infasering van die ekumenies-protestantse liturgie verloop sonder prysgawe van die Gereformeerde liturgie. Dit is meer ‘n oorspanning daarvan en hergroepering van die momente binne die nuwe vierslag. Net so lofwaardig !